# "MOENIE MET ONGELOWIGES IN DIESELFDE JUK TREK NIE"

*B C Lategan*

*Abstract - Do not be yoked together with unbelievers ....*

An exegetical analysis of 2 Cor 6:14-7:1 reveals that in this pericope Paul is writing about relations within the community of faith. He is not talking about the believer's position with regard to the state or his participation in the processes of government, as is sometimes implied. But this still does not solve the problem of the believer's relationship with the (unbelieving) world. This problem always becomes acute in a situation of rapid social and political change. The transition of the Christian faith from a Palestinian to a Graeco-Roman setting in the first few decades of the church's history provides us with some revealing insights. In this process Paul is a key figure. On the one hand he has a very clear concept of the basic content of the gospel. On the other hand he reveals a remarkable suppleness when interpreting the meaning of faith in unfamiliar situations. Instead of merely preser= ving tradition or avoiding contact with the world, Paul uses tradition creatively and with imagination to explain the essence of the gospel to a different audience in a new setting. Some of the implications of this approach for the church in a South African context are discussed in a con= cluding section.

* * *

## *INLEIDING*

Teen die agtergrond van die vorige referaat, sal ons probeer om ons onderwerp nou vanuit 'n eksegetiese gesigshoek te benader. In die hele debat oor deelname of nie-deelname aan die nuwe voor= gestelde grondwetlike bedeling, is by meer as een geleentheid verwys na Christelike norme of teologiese argumente. Onder andere is 2 Kor 6:14-7:1 dikwels aangevoer as Bybelse grond waarom Christene nie genoë daarmee kan neem dat nie-Christene nou ook in die regeringstruktuur van die land betrek word nie. Soos in die vorige referaat, gaan dit nie vir ons hier om 'n beoordeling van die staatkundige meriete van die nuwe bedeling of ander alternatiewe nie. Ons is geïnteresseerd in die *teolo= giese* argumente pro en contra wat in die beredenering van hierdie saak aangevoer word.

## *2 KOR 6:14-7:1 IN EKSEGETIESE PERSPEKTIEF*

Dit is belangrik dat ons die hele perikoop duidelik voor oë het. Paulus skryf aan die Korintiërs:

> Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? Hoe kan daar eenstemmigheid wees tussen Christus en Belial? Hoe kan 'n gelowige dieselfde belange hê as 'n ongelowige? Hoe kan 'n ooreenkoms tot stand kom tussen die tempel van God en afgode? Ons is immers die tempel van die lewende God. Dit is soos God gesê het:
> "Ek sal onder hulle woon en wandel,
> en Ek sal hulle God wees
> en hulle sal my volk wees."
> Daarom: "Gaan van hullle af weg
> en sonder julle af," sê die Here,
> "en moenie wat onrein is,
> aanraak nie."
> "Dan sal Ek julle aanneem,
> en Ek sal vir julle 'n Vader wees,
> en julle sal vir My
> seuns en dogters wees,"
> sê die Here, die Almagtige.
> Geliefdes, hierdie beloftes is ook vir ons. Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy.

Dit is sterk taal wat hier gebruik word. Op grond van die on=dubbelsinnige afwysing van enige kompromis tussen die tempel van God en die afgode, op grond van die onmoontlikheid dat die gelowige werklik dieselfde belange as die ongelowige kan hê of 'n sinvolle vennootskap met hom kan aangaan, word deur sommige ten opsigte van die huidige situasie gekonkludeer dat 'n Christe=like staat (soos Suid-Afrika dan gesien word) nie kan toelaat dat die regering van die land gedeel word met nie-Christene en dat lg ook voortaan statutêr op alle vlakke 'n aandeel in die administrasie van die land sal hê nie. Die debat rondom die Presidentsraadsgebed was slegs simptomaties van wat as 'n veel wyer probleem aangevoel word - wat sou die implikasies vir onder=wys, kultuur, godsdienstige feesdae wees indien nie-Christelike elemente in die regering opgeneem word?

Laat ons daarom meer noukeurig na 2 Kor 6:14-7:1 kyk. Wat dade=lik opval, is die religieuse taalgebruik en die konsepte wat nou met die erediens in verband staan. Die beeld van die ongelyke

jukgenote het waarskynlik sy agtergrond in gedeeltes soos Dt 22:5-12 waar teen verbode samevoeginge gewaarsku word - spesifiek ook dat met 'n os en esel nie gelyk geploeg mag word nie (Dt 22:10). Wat presies die bedoeling met hierdie gebooie was, is nie maklik vas te stel nie. Die veronderstelling is dat daar sekere grense bestaan wat nie oorskry mag word nie. Vermoedelik hang dit saam met die afgrensing van Israel teenoor die omringende volkere. Wat ookal die Ou-Testamentiese konteks was, is dit duidelik dat Paulus dit as 'n *religieuse* kontras verstaan. Dit blyk reeds uit die teenstellings soos geloof - ongeloof, Christus - Belial ('n populêre benaming vir Satan) wat die apostel hier gebruik. As hy in 2 Kor 6:16 na die "tempel van God" verwys wat geen kompromis met die afgode mag aangaan nie, is die nadruk op die kultiese sfeer (d w s dit wat met die erediens saamhang), nog meer opvallend. In die verdere uitbou van hierdie gedeelte word die religieuse aksente steeds duideliker. In vers 16 word die *gemeente* as die tempel van die lewende God beskryf. Ter stawing word 'n aantal aanhalings uit die Ou Testament aangevoer, bv Lv 26:11-12: "Ek sal onder hulle woon en wandel en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees". Die verdere uitspraak: "Dan sal Ek julle aanneem, en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees", is in werklikheid 'n samevoeging van gedeeltes uit 2 Sam 7:14, Jer 31:9, Jes 43:6 en nog ander, wat 'n diepgewortelde Ou-Testamentiese tema na vore bring: Israel as die volk van God; God as Vader oor die kinders van Israel.

In die Ou-Testamentiese bedeling is in hierdie oortuiging besliste staatkundige en nasionalistiese aksente aanwesig - vgl 2 Sam 7:14 waar eksplisiet van die staatshoof (verteenwoordigend ook van die volk) gesê word dat God vir hom 'n Vader en hy vir God 'n seun sal wees. In die Nuwe-Testamentiese bedeling verloor die "volk van God" sy staatkundige en nasionalistiese dimensie. Hierdie begrip kry nou in die lig van Christus se koms 'n ander inhoud. Die behoort aan die volk word nou direk en uitsluitlik aan Christus gekoppel. Die kindskap, die mede-erfgenaam-wees van God, word immers deur *Hom* moontlik gemaak - deur sy gehoorsaamheid en lyding word die verhouding met God herstel (Rm 8:15-17; 9:6-8; Gl 4:3-7; Hebr 2:10-17). Aan hierdie nuwe volk van God behoort nie alleen Jode nie, maar ook nie-Jode wat voortaan deur die een Gees vrye toegang tot die Vader het (Ef 2:15-18).

Daar is sommige wat meen dat 2 Kor 6:14-7:1 glad nie by die res van hierdie hoofstuk inpas nie en dat dit as 'n latere invoeging beskou moet word. As ons egter daarop let dat hoofstuk 5 handel oor die lewe deur die geloof en die bediening van die versoening

en dat hoofstuk 6 begin met 'n waarskuwing dat die genade wat hulle van God ontvang het, nie verspeel moet word nie, pas die oproep tot toewyding aan God en die uitsuiwering van alle heiden=se invloed heeltemal goed in die laaste deel van hoofstuk 6.

Die punt wat ons hier wil maak, is dit: die afsondering waarvan in 2 Kor 6 sprake is, geld nie die staatkundige, politieke, nasionale aspekte van die gelowige se lewe nie. Dit gaan hier om 'n suiwering van die gemeente *self*, om 'n verwydering uit die geloofsgemeenskap van enige heidense of ongelowige elemente, om die daarstelling van 'n duidelike skeidslyn tussen kerk en wêreld. Anders gestel: 2 Kor 6 het nie te doen met hoe die staatshuishouding ingerig moet word of watter regeringsdeelname vir die gelowige toelaatbaar is nie, maar hoe die geloofsgemeen=skap sy eie identiteit moet bewaar. Die voorwerp van Paulus se vermaning is nie die *staat* nie, maar die *kerk*.

Bevestiging vir hierdie uitleg van 2 Kor 6 vind ons in 1 Kor 5: 9-13:

> In die vorige brief het ek aan julle geskryf om nie met mense om te gaan wat in onsedelikheid leef nie. Daarmee het ek glad nie die onsedelikes of die geldgieriges, bedrieërs of afgodsdienaars van hierdie wêreld bedoel nie, want om hulle te vermy, sou julle uit die wêreld moes pad=gee. Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself 'n gelowige noem, maar wat onsedelik of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie.
> Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: "Verwyder die slegte mens onder julle uit!"

Paulus verwys hier na 'n vorige brief wat hy aan die gemeente geskryf het en waarin hy ook gewaarsku het teen gelowiges se betrokkenheid by onsedelikheid. Sommige gemeentelede het hierdie vermaning verkeerd verstaan, asof die apostel kontak met onsedelikes, geldgieriges, bedrieërs, ens *van hierdie wêreld* bedoel het. Om dit te vermy, sou Christene inderdaad uit die wêreld moes padgee. Hy het dit gehad oor *gemeentelede*, mense wat hul=self gelowiges noem en dan tog onsedelikheid bedryf of bedrog pleeg. Hierdie "slegte mense" moet "onder julle uit", d w s uit die gemeente, uit die geloofsgemeenskap uit verwyder word. Dit gaan immers, soos Paulus sê, om 'n oordeel "oor julle *eie* mense" - oor mense *buite* die gemeente sal God self oordeel.

*DIE KERK IN 'N TYD VAN SOSIALE EN POLITIEKE OMWENTELING*

Sover dit dus 2 Kor 6 betref, kan ons tot die gevolgtrekking kom dat die konteks 'n religieuse een is en dat staatkundige verhou=dinge hier glad nie in die gesigsveld kom nie. Maar daarmee is die vraag waaroor dit in ons onderwerp gaan, nog glad nie vol=doende beantwoord nie. Afgesien van die opdrag tot suiwerheid en konsekwentheid in eie geledere, *is* daar 'n probleem met die Christen se verhouding tot die wêreld. In hierdie verhouding was daar nog altyd 'n element van spanning aanwesig - 'n spanning wat reeds in die hoëpriesterlike gebed van Jh 17 tot uitdrukking kom: "Hulle (d w s die gelowiges) behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. ... soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur ...." (Jh 17:16 en 18).

Aan die een kant is daar die neiging tot afsondering, tot afkeer van die wêreld, in die ervaring dat ons vreemdelinge op aarde is wat hier geen blywende stad het nie (Hebr 11:13). Aan die ander kant is daar die besef dat die wêreld *Gods* wêreld bly, dat sy verlossing en liefde op *hierdie* wêreld gerig is en dat die ge=lowige juis gestuur word om 'n getuie te wees tot aan die uiter=ste grense van *hierdie* aarde.

Dit is verder opvallend dat die vraag na die verhouding van gelowige tot ongelowige, van die Christen tot die wêreld, akuut word juis in tye van groot sosiale en politieke omwenteling. Dit is wanneer vertroude patrone begin verander, wanneer bekende strukture plek begin maak vir nuwe stelsels dat die gelowige hom opnuut rekenskap moet gee van wat sy rol in en sy verhouding tot hierdie veranderende wêreld moet wees. Een van die ingrypendste veranderinge wat die vroeë kerk reg aan die begin van sy bestaan moes deurmaak, was die oorgang van die bekende, vertroude omge=wing van sy Palestynse Joodse wêreld na die Grieks-Romeinse wêreld van Klein-Asië en Europa. Dit word nie altyd besef hoe fundamenteel en dikwels traumaties hierdie oorgang werklik was nie. Want wat hom in die vroeë kerk afgespeel het, het plaasge=vind teen die wyer dekor van die botsing tussen Israel en die opkomende gety van die Hellenisme. Met Hellenisme word gewoonlik bedoel die wêreldkultuur wat na Alexander die Grote (oorlede in 323 vC) se militêre oorwinnings soos 'n vloedgolf oor die des=tyds bekende wêreld gespoel het. Sowel kultureel as godsdienstig is hierdie beweging deur grootskaalse sinkretisme of vermenging gekenmerk - kulturele, filosofiese, godsdienstige strominge en konsepte het in een groot smeltkroes beland en in 'n proses van geweldige wisselwerking en uitruiling het allerlei nuwe kombina=sies en vreemde kultuurvorme ontstaan. Hierdie ontwikkelinge het

die Joodse volk, met sy sterk tradisie van godsdienstige af=sondering en eksklusiwisme, in 'n krisis gedompel, want die reële gevaar het bestaan dat hy deur die Hellenisme oorrompel sou word. 'n Kenner op hierdie gebied, Hans-Dieter Betz, beweer selfs dat die Judaisme soos ons dit in die tyd van die Nuwe Testament leer ken, niks anders is as die resultaat van die konfrontasie tussen Hellenisme en die Jodedom nie. Hierdie konfrontasie het 'n groot verskeidenheid van vorme aangeneem wat soms in gewapende opstand, soms in kompromieë geëindig het. Ons kan hier egter nie verder op 'n baie fassinerende stuk kultuurgeskiedenis ingaan nie.

Teen die dekor van hierdie breër botsing tussen Jodedom en Helle=nisme moes die jong Christelike beweging ook sy koers en staan=plek in 'n uiters verwarde en gekompliseerde wêreld vind. In vergelyking met die Jodedom was die jong kerk se posisie in een opsig egter heeltemal anders. Komende vanuit 'n Ou-Testamentiese agtergrond, was die kerk aan die een kant wel vertroud met die tradisie van religieuse afsondering. Maar aan die ander kant het die boodskap van Jesus juis die enge band van die Joodse volk deurbreek en 'n evangelie gebring wat tot aan die uiterste van die aarde verkondig moes word en wat gelowiges uit alle volke en tale byeen sou bring. Die innerlike opbou van die gemeente in heiligheid en die uitwaartse gerigtheid op die wêreld was dus 'n spanning wat van die beginstadium in die kerk se verhouding tot die wêreld aanwesig was en wat die ontwikkeling in 'n heel ander rigting as in die geval van die Judaisme gestuur het. Die kerk het die opdrag gehad om nie alleen homself ongeskonde te bewaar nie, maar ook om die wêreld in die Naam van Christus te verower. Dit het 'n totaal *ander* ingesteldheid t o v die wêreld geïmpli=seer.

Hoewel die antwoord van Jesus op die belastingvraag ("Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort en aan God wat aan God behoort" - Mk 12:17 par) reeds 'n riglyn bied vir die gelowige se houding t o v owerheidsinstellings, het dit aanvanklik nog 'n sluimerende kwessie gebly. Die eintlike krisis het gekom toe die kerk die bekende bane van die Joodse leefwêreld in Palestina verlaat en die voluit Hellenisties-heidense wêreld van Klein-Asië en veral Europa betree het.

Alles wat in Palestina eenvoudig as gegewenhede beskou is, het hier ontbreek: die gemeenskaplike Joodse verlede, die vanself=sprekende vertroudheid met die Ou-Testamentiese wet en sy ver=wysingsraamwerk, 'n klimaat en denkwêreld wat deur en deur deur die Joodse ervaring en religieuse belewing gevorm is.

*PAULUS EN SY GEMEENTE IN 'N ONGELOWIGE OMGEWING*

Niemand het hierdie oorgang waarskynlik meer intens beleef op persoonlike en kerklike terrein as Paulus self nie. Aan die een kant selfbewuste en trotse Jood, aan die ander kant Romeinse staatsburger. Aan die een kant geskool en gedrenk in die Ou-Testamentiese denkwêreld, aan die ander kant geroepe om juis aan die heidene die evangelie te verkondig. Sy konfrontasie met die heidendom het hom gedwing om van sy basiese uitgangspunte te her= dink. Sy oortuiging dat geloof die enigste toegang tot die geloofsgemeenskap bied en dat geen ander vereistes vir lidmaat= skap van die liggaam van Christus gestel kan word nie, soos onder= houding van die wet of die aanneem van die Joodse leefwyse, het eers in die stryd met die dwaalleraars in Galasië in alle helder= heid uitgekristalliseer. Maar dit is veral in die vestigingsfase van die kerk in Korinte dat Paulus gedwing is om die gelowige se verhouding tot die "buitewêreld" te deurdink. In Korinte het die apostel nie alleen met die afwesigheid van 'n Ou-Testamen= tiese verwysingsraamwerk te doen gehad nie, maar het die evange= lie totaal ongekarteerde terrein betree waar daar min of geen bekende bakens was om die koers op te rig nie. Die klein ge= meentetjie is in die hart van 'n kosmopolitiese hawestad gebore waar alle denkbare maatskaplike euwels aan die orde van die dag was, terwyl filosofiese skole en elke nuwe godsdienstige mode uit die Ooste met mekaar meegeding het. Boonop kon Paulus nie op 'n gevestigde leiersgroep in die gemeente staatmaak nie - daar was nie veel invloedrykes of aansienlikes onder hulle nie (1 Kor 1:26). Trouens, dit was dikwels met mense sonder enige godsdienstige agtergrond waarmee 'n gemeente gebou moes word. Daarom lees die Korintiese briefwisseling ook so anders as bv Romeine, met sy vaste en goed beplande struktuur. Die briewe aan Korinte is meestal reaksies op bepaalde vrae uit die gemeente of noodsituasies wat ontstaan het. Paulus moet vinnig optree, vure doodslaan, op staande voet uitspraak gee oor 'n wye ver= skeidenheid van sake. Dit gaan meestal oor aangeleenthede waar= voor daar geen presedente bestaan nie, waaroor hy selfs nie 'n woord of riglyn van Jesus het nie, maar waar hy as apostel moet improviseer en onder leiding van die Gees die evangelie moet interpreteer en konkretiseer. Die druk waaronder die apostel verkeer, die stryd wat hy het om die vestiging van die gemeente, kan deur elkeen wat selfs vandag die briewe lees, aangevoel word. Maar dit is juis in hierdie worsteling dat daar ook perspektiewe sigbaar word wat vir ons onderwerp van belang is, wat onthullend is van sy siening van die kerk se verhouding tot die wêreld en die ongelowige waarmee hy daagliks te doen het. Naas 'n sterk besef van die uniekheid van die geloofsgemeenskap en die eis van selfdissipline en suiwerheid in die geloof, vertoon hy 'n verras=

sende soepelheid en nugterheid in sy verhouding tot die "buite=wêreld". Ons noem slegs enkele voorbeelde om hierdie stelling te illustreer.

In die bekende 1 Kor 7 behandel Paulus allerhande vrae wat die gemeente oor die huwelik gestel het. Sover dit getroudes betref, herhaal hy die bevel van die Here dat hulle nie mag skei nie (7:10). Maar wat is nou die posisie as een lid van 'n egpaar tot bekering kom? Mag of moet so 'n verbintenis tussen geloof en ongeloof voortgesit word? Paulus het hier nie 'n uitspraak van Jesus waarop hy kan terugval nie, en gee sy eie mening as apostel - 'n mening wat opval deur die nugtere aanvaarding van die werk=likheid. As die ongelowige lid wil skei, is dit toelaatbaar. As die huwelik egter op so 'n stewige basis berus dat daar geen spanning ontstaan nie en die ongelowige party bereid is om met die verbintenis voort te gaan, is Paulus se advies dat daar - juis as gevolg van die kinders en hulle toekomstige opvoeding in 'n geloofskonteks - geen skeiding moet plaasvind nie. In hierdie mees intieme van lewensverbande sien die apostel dus onder spesifieke omstandighede die moontlikheid van 'n verant=woorde verbintenis tussen geloof en ongeloof.

'n Ander voorbeeld is die vraag wat in hoofstuk 8 en 10 van die=selfde brief ter sprake kom, nl die eet van vleis wat aan 'n afgod geoffer is. Ons het hier te doen met 'n probleem waarteen die gelowige in die Grieks-Romeinse wêreld hom op elke hoek en draai vasgeloop het. Die Griekse godedom wat tot 'n groot mate deur die Romeine oorgeneem is, het die agtergrond gevorm waar=teen die ganse menslike lewe hom afgespeel het. Nie alleen het hierdie gode volgens die gangbare opvatting alle aspekte van die menslike bestaan direk of indirek beïnvloed nie, maar die gewone man is ook selde toegelaat om van hul teenwoordigheid te vergeet. Pragtige tempels is tot hulle eer gebou, op sentrale plekke in dorpe en stede is standbeelde opgerig. Die sosiale lewe het tot 'n groot mate rondom sulke tempels gesentreer, waar 'n deur=lopende offerkultus aan die gode volgehou is. Die ingewande van offerdiere is op die altaar verbrand, terwyl die eetbare vleis aan die priesters gegee of verkoop is. Aangesien 'n klein ge=deelte van elke dier wat geslag is, aan die gode geoffer is, kon mens dus nooit seker wees of enige vleis wat by die slaghuis gekoop is, nie miskien met die kultus in aanraking was nie. Verder is feesmale dikwels as deel van die kultus in die tempels gehou waarna gaste uitgenooi is.

Hierdie soort alomteenwoordigheid van die afgode in die Grieks-Romeinse samelewing het gelowiges telkens in netelige situasies laat beland, soos bv blyk uit 1 Kor 10:25-29. Wat moet hulle

doen in die slaghuis? Mag hulle (wat vermoedelik in die open=bare lewe beweeg) uitnodigings van ongelowiges na feesmale aan=vaar? Ook hier is Paulus se benadering sowel prinsipieel as pragmaties. Die gemeente moet self niks met die afgodediens te doen hê nie (1 Kor 10:14). Dit beteken egter nie dat hulle hul vryheid deur 'n ander man se gewete moet laat beperk nie (1 Kor 10:29) of dat hulle tot sulke uiterstes moet gaan dat hulle niks meer in die slaghuis wil koop sonder dat hulle eers noukeurig navraag gedoen het of dit nie vleis is wat aan afgode geoffer is nie (10:25). Paulus begrond sy standpunt op twee teologiese argumente. Eerstens is die aandag wat aan hierdie gode gegee word, misplaas omdat daar naas God geen ander bestaan nie en hier dus slegs van afgode sprake kan wees (1 Kor 8:4-6). Twee=dens gebruik hy op verrassende wyse 'n aanhaling uit die Psalms: "Die aarde met alles wat daarop is, behoort aan die Here" (1 Kor 10:26 - vgl Ps 24:1, 50:12). Hier spreek weer eens die positiewe aanvaarding van hierdie wêreld as Gods wêreld waarin die kind van God hom kan verlustig en met vryheid kan beweeg. Daarom die praktiese, nugtere raad: Eet alles wat uit die slaghuis kom sonder om navraag oor die oorsprong daarvan te doen. Die gelo=wiges mag selfs deelneem aan die feesmaal van 'n ongelowige en alles eet wat aan hom voorgesit word - slegs as iets uitdruklik as 'n afgodsoffer aangedien word, moet dit vermy word (1 Kor 10:25-29). Die gelowige se strewe moet wees om aan niemand aanstoot te gee nie - nie aan Jode of aan Grieke of aan die gemeente nie. As dit om die belange van die evangelie gaan, moet gepoog word om almal in alles tegemoet te kom (10:32-33). Hierdie uitgangs=punt klop met wat hy reeds vroeër gesê het oor sy beleid om hom aan almal diensbaar te stel om soveel mense moontlik vir Christus te wen (1 Kor 9:19-23).

Hierdie paar flitse van Paulus se positiewe houding ten opsigte van die (ongelowige) wêreld mag die indruk skep dat dit hier om insidentele gevalle handel wat hy bloot op 'n ad hoc-wyse probeer oplos. Dat dit 'n foutiewe indruk is wat nie rekening hou met die indringende wyse waarop die apostel met die ongelowige wêreld van sy dag in gesprek tree nie, blyk egter uit die eerste hoof=stuk van 1 Korintiërs. Die beroemde perikoop 1:18-31, waar hy in gesprek gaan met die "wysgeer" en die "skrifgeleerde", d w s met die wysheidsideaal van die Grieke en die openbaringsbegrip van die Jode, is nie bloot 'n oppervlakkige of selfs negatiewe afwysing van hierdie twee alternatiewe nie. Betz het reeds daarop gewys dat hierdie gesprek nie alleen 'n uitvoerige en eerstehandse kennis van sowel die Griekse filosofiese strominge van die dag as die Joodse godsdienstige denkwyse veronderstel nie, maar dat Paulus ook daarin slaag om die kern van beide oriënteringe uit te lig en dit die fokuspunt van sy betoog te

maak. Die hantering van hierdie standpunte getuig van 'n in= tieme kennis en 'n simpatieke begrip van hierdie denktradisies, wat die agtergrond vorm waarteen hy die Christelike alternatief ontwikkel. Paulus neem nie alleen die lewensbeskouing van die ongelowige wêreld volledig ernstig nie, maar is ook in staat om daarmee in gesprek te tree en 'n sinvolle alternatief aan te bied. Hierdie benadering van dialoog en begrip blyk nog duide= liker uit die Areopaguspreek van Hand 17:16-34 waar die gesprek met die Epikureërs en Stoïsyne nie geweier word nie, en met groot gemak en kundigheid uit die Griekse letterkunde aangehaal word. Trouens, Paulus buig hier agteroor om 'n aansluitingspunt by sy heidense gehoor te vind.

Verrassend is verder die gemak waarmee die apostel in sy prak= tiese voorskrifte aan die gemeente aansluit by sowel die vorm as inhoud van etiese kodes uit die gangbare filosofie van sy dag. 'n Goeie voorbeeld is Ef 4-6, waar hy die patroon van die sg "Haustafeln" oorneem. Hierdie Haustafeln was kort, kernagtige voorskrifte waarin die pligte van elke lid van die huishouding (mans, vrouens, kinders, slawe, eienaars, ens) saamgevat word. Ondersoek het getoon dat die Christelike Haustafeln of huiskodes heelwat ooreenstemming vertoon met die sosiale gedragskodes van die tyd - vgl ook die Ou-Testamentiese wysheidsliteratuur wat die lewenservaring van 'n baie wye gemeenskap weerspieël. Hier het ons nog 'n aanduiding met watter gemak die apostel in die heidense wêreld beweeg. Teologies gesproke bevind ons ons hier eintlik op die terrein van die "algemene genade".

Die mees opvallende voorbeeld van Paulus se verhouding tot die ongelowige wêreld van sy dag is seker sy uitsprake oor die rol van die owerheid in Rm 13. Die geskiedenis van die eksegese van hierdie gedeelte het ons geleer om baie versigtig te wees wanneer ons allerlei "moderne" afleidings daaruit wil maak. In elk geval kan ons hieruit nie 'n tydlose stelreël van onder= werping aan alle owerhede onder alle omstandighede aflei nie. Daarvoor het hierdie perikoop 'n te spesifieke konteks. Paulus het waarskynlik hier te doen met die houding van 'n groep "gees= vervulde" lidmate wat hulle in die eerste plek as burgers van die hemelse koninkryk beskou en daarom wêreldlike gesagstrukture as van geen belang of selfs verwerplik afmaak. Hierteenoor stel Paulus dat alle vorme van gesag uiteindelik van God kom en daarom nie willekeurig ter syde gestel kan word nie. Deur dit te doen, sny hy enige demoniese opvatting van die owerheid af, d w s dat die owerheid 'n selfstandige, anti-goddelike mag is wat op sy eie opereer. Owerhede is 'n ordening van God. Maar daardeur word tegelyk die grense van die staat aangedui *en* 'n maatstaf vir die beoordeling van sy optrede aangegee. Juis omdat alle gesag van

God kom, is die owerheid nie bo kritiek verhewe nie, is sy mag nie absoluut nie. As hy 'n dienaar van God is, moet sy dade ook in hierdie lig gemeet word. Deur hierdie relativering word die owerheid tegelyktertyd vermenslik. Op die lastige vraag of die gelowige ooit in opstand teen die owerheid mag kom, kan ons nie hier breedvoerig ingaan nie. Wel kan ons sê dat vir Paulus onderwerping aan die owerheid die normale uitgangspunt is, maar dat die hoogste lojaliteit uiteindelik aan God verskuldig is.

As al hierdie voorbehoude ten opsigte van Rm 13 gestel is, bly dit nogtans merkwaardig watter positiewe instelling Paulus teen=oor die owerheid openbaar. Hierby moet ons onthou dat dit gaan om die *ongelowige* owerhede van sy dag - nie soseer die staat as sodanig nie, maar sy verteenwoordigers op alle vlakke - belas=tinggaarders, beamptes, geregsdienaars, howe. Wanneer hy elders gelowiges waarsku om nie hul geskille voor heidense regters te laat besleg nie (1 Kor 6:1-11), is dit nie omdat hy 'n wantroue in die regspraak as sodanig het nie, maar omdat gelowiges in staat behoort te wees om sulke sake onder hulself te kan besleg (6:5). In werklikheid eindig Paulus in Rm 13:7 met dieselfde praktiese riglyn wat ook deur Jesus gegee is in Mk 12:17: "Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort". Paulus het dan ook doelbewus gebruik gemaak van die geleenthede wat hierdie ongelowige owerheid hom gebied het deur hom op die keiser te beroep toe hy in die hande van die Joodse Raad beland het. Daar is sommige wat beweer dat die apostel se positiewe instelling die gevolg is van sy gunstige ervaringe met die Romeinse owerheid. Dit is so dat in die Nuwe Testament die owerheid ook in die rol van die vervolger van die kerk verskyn (vgl Openbaring). Tog verander dit nie aan die basiese uitgangspunt dat die owerheid sy gesag van God ontvang en daarom aan die een kant in die lig hiervan eerbiedig moet word maar aan die ander kant juis ook in hierdie lig beoordeel moet word nie.

In sy verhouding tot die ongelowige wêreld vertoon Paulus dus 'n sekere tweeslagtigheid. Sover dit sake van geloof en die interne verhoudinge in die gemeente betref, is daar 'n duidelike skeidslyn tussen geloof en ongeloof, tussen kerk en wêreld. In hierdie opsig moet die geloofsgemeenskap 'n eie, unieke lewen=styl openbaar. Sover dit egter die openbare lewe van staat en maatskappy betref, is daar 'n soepelheid en gemaklikheid in die omgang met die realiteite van die ongelowige wêreld en 'n skeppende vermoë om probleemsituasies ten dienste van die evan=gelie te benut. Hierdie teenstelling hou verband met wat Beker in sy besonder interessante Paulusboek, *Paul the Apostle*, as twee pole van die apostel se teologiese denke beskou - die sg

"material coherence" en die "situational contingency" daarvan. Met die eerste bedoel hy dat Paulus uitgaan van 'n bepaalde, kon=stante geloofs*kern* van die evangelie wat die basis van sy ver=kondiging vorm. Met "situational contingency" bedoel hy dat hierdie kern steeds opnuut in elke situasie waarin Paulus hom bevind, geïnterpreteer word. Die apostel se teologie word gevorm, of liewer, is die resultaat van 'n lewendige wissel=werking tussen hierdie twee pole. Dit is waarom ons aan die een kant 'n groot mate van skeppende vryheid by Paulus vind, aan die ander kant 'n verbasende konsekwentheid wat die kernelemente van sy denke betref.

Die belangrike punt is nou dat hierdie wisselwerking tussen 'n vaste kern en 'n wisselende situasie nie bloot 'n toevallige kenmerk van Paulus se denke is nie. Sy briewe verraai 'n nuwe *styl* van omgaan met die evangelie en met die wêreld. Dit be=teken dat hy nòg probeer om 'n onbuigbare, versteende dogmatiese sisteem in alle situasies op sy hoorders af te druk, nòg dat hy die evangelie eenvoudig aanpas om te lewer dit wat die mark op 'n gegewe moment vra. Wat dit wel beteken, is dat hy veranderde omstandighede en nuwe probleme as 'n uitdaging aan die aktuali=teit en toepaslikheid van die evangelie ervaar. Daarom gaan hy sowel met piëteit as vryheid met die tradisie om. "Interpreta=tion both preserves and transforms, because continuity and dis=continuity, stability and adaptability, are inherent in every process of interpretation" (Beker 1980:111). Interpretasie is in hierdie sin 'n *bemiddelende* aktiwiteit wat die tradisie ver=onderstel en van daaruit sy vertrekpunt neem, maar net so seker hierdie tradisie hervorm en vernuwe. Soos al dikwels daarop gewys is - om dieselfde in nuwe omstandighede te sê, moet jy dit anders sê.

## *DIE GELOWIGE IN DIE HUIDIGE OPSET*

Maar watter hulp bied hierdie insigte vir die gelowige wat hom of haar in die hedendaagse Suid-Afrika rekenskap moet gee van die verhouding tussen geloof en ongeloof, tussen kerk en wêreld? Is daar voldoende ooreenkoms tussen die Bybelse en die moderne tyd om enige sinvolle afleidings te maak? Ons het geleer om baie versigtig met sodanige vergelykings te wees. Vireers be=staan daar 'n fundamentele verskil sover dit die verhouding tot die owerheid en die samewerking met ongelowiges betref. Die Nuwe-Testamentiese kerk bevind hom in die voor-Konstantynse tyd=perk, ons daarna. In die Nuwe Testament is daar nog geen sprake van 'n Christelike owerheid of staatsbestel nie; by ons word aanvaar dat die meerderheid van die bevolking Christelik is en dat die staat Christelike waardes en norme nastreef. Die kultu=

rele en sosiale verskille tussen die eerste eeu en 'n vertegno= logiseerde twintigste eeu spreek vanself. Nie dat daar nie ook raakvlakke bestaan nie. Ons bevind ons ook in 'n oorgangsitua= sie, in 'n tyd van sosiale en politieke omwenteling. Ou, ver= troude patrone maak plek vir ander, gevestigde waardes verskuif en die mens moet homself weer vind in 'n situasie waar nie veel bekende bakens oorgebly het nie. Daarby kom 'n aantal faktore wat dit veral vir die *gewone* gelowige baie moeilik maak om hom of haar in hierdie nuwe opset te oriënteer. In die eerste plek is die grens tussen gelowige en ongelowige nie meer so duidelik te trek nie - vroeër was die gedragspatroon waaraan 'n gelowige herken kon word, redelik duidelik. Dominees het wit dasse gedra. Wat op 'n Sondag toelaatbaar is, was duidelik uitgespel. Vandag kan ons predikante nie meer so herken nie en die Sondagse gedragspatroon onderskei gelowiges nie meer soos vroeër nie. Maar verder - kerklike leiers en gesagsinstansies verskil op wesenlike punte van mekaar. Dieselfde Bybel word vanuit ver= skillende lewenservaringe anders gelees en verstaan. Vroeër was daar min of meer 'n kontras tussen "Afrikaanse" en "Engelse" kerke, tussen 'n meer konserwatiewe en 'n meer liberale bena= dering. Tans vind ons uiteenlopende standpunte binne een en dieselfde kerk. Die Breë Moderatuur van die NG Kerk reageer anders op die Belhar-belydenis as bv die Wes-Kaapse Sinode. Die NG Sendingkerk se Moderatuur verskil openlik oor die kwes= sie van deelname aan die nuwe politieke bedeling. Wie se leiding moet die gewone lidmaat volg? Is dit vreemd dat daar soveel verwarring in sy gemoed heers? En kan ons hom kwalik neem as hy vertroue in die vermoë van die kerk om hierdie situasie te beredder begin verloor? Die gevaar is nie denkbeeldig dat mense eenvoudig geruisloos uit die kerklike kring uit beweeg of self na ander alternatiewe begin soek nie.

Ons het reeds daarop gewys dat die vraag na die verhouding tussen geloof en ongeloof akuut word in 'n tyd van sulke kulturele en maatskaplike omwenteling. Trouens, as ons die gesprek rondom die huidige verskuiwinge in die Suid-Afrikaanse bestel ontleed, ontstaan die vermoede dat dit nie soseer om die kwessie van ge= loof en ongeloof gaan nie, maar ten diepste om die vraag hoe die gelowige hierdie oorgangsituasie moet hanteer. Daarby is dit duidelik dat ons 'n baie delikate stadium in hierdie proses be= reik het, waar ontsporinge met ernstige gevolge maklik kan plaasvind. Sal die kerk in staat wees om, soos in die oorgang van Palestina na Europa, hierdie verwisseling suksesvol te voltrek? Daarby is daar genoeg kragte in die situasie aanwesig wat werklike versoening uiters moeilik indien nie onmoontlik maak nie. Weer eens plaas dit die *gewone* gelowige in 'n onbeny= denswaardige posisie, in die sin dat hy of sy weinig beheer het

oor die prosesse wat hier werksaam is en nie die skynbaar onver= mydelike botsingkoers kan verander nie.

Die ervaring van magteloosheid deur die gewone gelowige mag egter ook die sleutel bied tot 'n heroriëntering in hierdie situasie. Waar die vooruitsigte op ander vlakke minder belowend is, mag 'n beweging "van onder" deur gelowiges van alle groepe 'n belangrike bydrae lewer om 'n nuwe perspektief op die saak te open. As dit sou beteken dat die gewone lidmaat hierdeur gedwing word om as volwasse lid van die liggaam van Christus doelbewus en doelgerig te soek na 'n eie, verantwoorde standpunt oor hierdie sake, sou dit 'n eerste belangrike stap in die regte rigting wees. En dan bestaan die vraag na Bybelse riglyne nie soseer in die vind van ooreenstemmende of gelyke situasies tussen die eerste en die twintigste eeu nie, maar veeleer in die *wyse* waarop gereageer is teenoor nuwe uitdaginge, in die *styl* waarop 'n situasie van sosiale en politieke omwenteling gehan= teer is.

As dit ons fokuspunt is, kan ten slotte 'n paar konkrete riglyne waaraan die gewone gelowige hom of haar kan oriënteer, gegee word:

1 Eerstens moet ons besef dat ons in 'n tyd van heroorweging van ons diepste oortuiginge leef. Om dit anders te sê - ons bevind ons in 'n belydenistyd. Dit geld nie alleen lidmate van die NG Sendingkerk nie, maar *alle* gelowiges hier te lande. Wat maak die kern van ons Christelike geloof uit? Om hierop te antwoord, is 'n eerlike ondersoek nodig van die tradisie waaruit elkeen van ons kom. Wat is wesenlik Christelik? Wat is slegs tradisie of deel van 'n bepaalde (europese) erfenis of 'n kul= tuurvorm wat nie noodwendig die mees geskikte vir 'n Afrika-situasie is nie? Ons wat roem daarop dat ons van Afrika is, het ook die verantwoordelikheid om vorme en strukture te vind waarin die evangelie in 'n Suider-Afrikaanse konteks kan gedy. Dit gaan egter nie net om vorme en strukture nie, maar om die wesen= like inhoud van die evangelie in ons spesifieke situasie. Het daar op bepaalde punte 'n vertekening van die evangeliese bood= skap plaasgevind? As dit so is, moet ons dit eerlik erken. In hierdie opsig vervul die NG Sendingkerk se Belhar-belydenis 'n belangrike funksie deurdat dit konkreet inhoud gee aan hierdie kerk se geloofbelewenis en -belydenis en elke gelowige oproep om sy eie geloofsoortuiginge daaraan te toets.

Tweedens kan ons van Paulus se nugtere pragmatisme leer dat ge= sonde verstand 'n belangrike deel van die Christen se mondering uitmaak. Realiteitsin, gebalanseerdheid, en wysheid is deugde

wat in 'n verwarrende en verwarde wêreld by uitstek gevra word. Daarby sal die gelowige vir homself baie duidelik moet uitmaak watter rol hy in hierdie proses wil speel - 'n konstruktiewe of destruktiewe. In die huidige klimaat sal lg die maklikste wees, maar ook die opsie met die mees tragiese gevolge. Die moeiliker keuse is om doelbewus konstruktiewe moontlikhede aan te gryp en te ontwikkel.

Ten slotte beteken dit dat die huidige opset nie 'n verwarde situasie hoef te bly nie. Dit bied 'n unieke geleentheid vir die skeppende moontlikhede van 'n geloofsbenadering. Dit veronderstel eerstens 'n positiewe aanvaarding van hierdie wêreld as *Gods* wêreld, as gebied wat wel deur die ongeloof beset en bederf kan word, maar nogtans met al sy volheid aan God behoort en ook in sy naam verower moet word. Juis omdat die wêreld van sy *Vader* is, kan die gelowige as *kind* met vryheid en vrymoedigheid daarin beweeg.

Maar meer nog - waar Paulus onder druk van krisissituasies nuwe oplossings improviseer, is dit 'n uitdaging vir hedendaagse Christene om nie die wêreld te vermy of krampagtig aan die verlede te bly kleef nie. Dit is by uitstek die tyd om waagmoed aan die dag te lê, om onbekende weë te beproef, om aan die geloofsverbeelding vrye vlug te gee. Dit kan ons te meer doen omdat ons situasie in vergelyking met dié van Paulus *een* belangrike winspunt vertoon - waar hy en sy mede-gelowiges hulle as 'n minderheidsgroep in 'n ongelowige wêreld bevind het, is daar in ons situasie veel eerder die aandrang en *verwagting* dat volgens Christelike maatstawwe opgetree sal word, dat die eise van die evangelie ook op staatkundige en maatskaplike terrein deurgetrek sal word. Dit is 'n unieke geleentheid, maar ook 'n groot verantwoordelilheid wat op die skouers van gelowiges in hierdie land geplaas word. Dit is 'n verantwoordelikheid wat nie bloot aan enkelinge of aan amptelike instansies oorgdra kan word nie. Die gewone gelowige op plaaslike vlak het juis die ruimte en geleentheid om improviserend en skeppend nuwe vorme en nuwe moontlikhede te ondersoek. Is dit nie nou die tyd vir gelowiges van alle groepe om mekaar opnuut rondom die kern van ons geloofsoortuiging te vind, om vasberade te besluit om die huidige oorgangstyd konstruktief, pragmaties, skeppend te gebruik om almal wat uit innerlike oortuiging saam hoort, by mekaar te bring en so 'n bevrydende perspektief in hierdie verwarde tyd te open nie?

Prof B C Lategan
Dept Bybelkunde
Universiteit van Stellenbosch
7600 Stellenbosch

## R E S P O N S - *J A Loubser*

Prof Lategan het oortuigend getoon dat die teks van 2 Kor 6:14vv. nie gebruik kan word om nie-Christene uit 'n staatsbestel te weer nie.

Sy verduideliking dat ons hier met 'n *religieuse* kontras te doen het wat binne die konteks van die Nuwe Testament losgeraak het van die staatkundige en nasionalistiese dimensies wat dit moont=lik in die Ou Testamentiese bedeling gehad het, kan ons ook sonder huiwering onderskryf. Dit lyk dus nie nodig om verder op hierdie punt in te gaan nie.

Indien die werklike bedoeling van die gedeelte in 2 Kor 6 na vore gebring word, wil dit voorkom asof dit ons bespreking in 'n rigting kan stuur waarvan daar aan die einde van die referaat blyke gegee word, waar die stelling gemaak word dat ons in 'n "belydenistyd" verkeer.

Ter wille van meer duidelikheid oor die bedoeling van die teks=gedeelte maak ons net 'n opmerking of twee:

1 Paulus se aanhaling van hierdie reeks vermanings uit die OT klop nie presies met die materiaal van die Hebreeuse of Griekse teks van die OT nie.

1.1 In die LXX lui die eerste paar woorde van Lev 26:16 "en Ek sal my tabernakel/tempel in/onder julle plaas". 2 Kor 6:16 lees egter: "Ek sal onder hulle woon".[1)]

1.2 Ook die eienaam "Belial" vind ons nie in die OT nie. In Spreuke 6:12 word dit slegs as byvoeglike naamwoord ge=bruik ("adam belial", kwaaddoener).

Hieruit lei ons af dat die begripsapparaat waarvan Paulus hom hier bedien, deel was van 'n lewende Joodse tradisie.[2)] As ons kon vasstel hoe hierdie tradisie in die destydse situasie ge=funksioneer het, sou ons die bedoeling van die apostel se uit=latings des te beter kan begryp.

2 Hiervoor moet ons na die breër konteks van 2 Korinthiërs gaan. Prof Lategan meen dat die gedeelte 6:14-7:1 nie 'n tussenwerpsel of kantaantekening is nie, maar dat dit inpas in die breër konteks van die brief. Die tema van die brief is dat Paulus deur God in Christus as apostel aangestel is (1:1; 2:17). Dit word gestel teen die agtergrond van die situasie

te Korinthe waar daar sg "valse apostels" ingedring het wat die gemeente met 'n mate van sukses oorreed het om die apostelskap van Paulus in twyfel te trek.[3] Dit word redelik wyd aanvaar dat hulle Joodse Christene was wat die nakoming van Joodse in= settinge en tradisies voorwaardelik gemaak het vir die ontvangs van die heil in Christus.[4]

Ons kan met redelike sekerheid aanneem dat die valse apostels juis hierdie materiaal benut het, om die heidenchristene wat nie die seremoniële wet nagekom het nie, onder die juk van die wet te bring.[5] Sodoende het hulle 'n Joods-nasionalistiese voor= waarde aan Christenskap geheg. Hulle argument het ongeveer so gelui: As jy jou nie deur die onderhouding van wettiese inset= tinge skaar by die Joods-nasionale groep nie, dan kan jy nie 'n Christen wees nie.

Hoe sou Paulus hierop reageer? Die gedeelte 2 Kor 6:14-7:1 kom voor in die gedeelte van die brief waar die apostel besig is om van die meer algemene na 'n meer spesifieke deel oor te gaan. Hy wil nog nie te spesifiek raak nie, maar stel eerder die breë reël: Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie.

Die feit dat hy juis gebruik maak van materiaal wat gebruiklik was in die destydse Joodse kringe, is betekenisvol. Soos wat hy sy argument teen die valse apostels ontwikkel, raak dit duide= liker wie die "ongelowiges" is saam met wie daar nie in dieselfde juk getrek mag word nie. Dit is niemand anders as die valse apostels self nie. Uiteindelik ontmasker hy hulle as verkondi= gers van 'n "ander Jesus", met 'n "ander gees" wat 'n "ander evangelie" ontvang het (11:4) en noem hy hulle dienaars van Satan (11:5).

Die stelreël: Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie, beteken dus in konkrete terme: Moenie met die valse apostels in dieselfde juk trek nie.

3 Waarheen lei hierdie gevolgtrekking ons? Die vraagstuk oor die betrokkenheid van kerk en samelewing wissel van sleutel. Die teks beteken nie: "Moenie met ongelowiges in dieselfde *politieke* juk trek nie", maar: "Moenie met hulle wat *wêreldse maatstawwe tot voorvereiste vir Christenskap maak*, in dieselfde (kerklike) juk trek nie. Die vraag is dus nie na die mate waarin die kerk moet toelaat dat 'n bepaalde siening oor die samelewing 'n voorwaarde vir Christenskap gemaak word.

Dit plaas ons dus vierkantig binne die meningsverskil tussen die NGSK en die NGK. Ter wille van die bespreking volstaan

ons met 'n oorsig oor die vrae waaroor beide kerke in die lig van hierdie Skrifgedeelte duidelikheid sal moet kry.

Beide sal moet antwoord op die vraag: In watter mate mag 'n bepaalde siening van die samelewing as voorwaarde vir Christen=skap geld? Anders gestel: Beteken dit dat alvorens ek in Jesus as Here kan glo, ek apartheid/of integrasie moet verwerp/aanvaar? (Hiermee wil ek nie voorgee dat die Here dieselfde oor beide moontlikhede dink nie.)

3.1 *Die N G K*

In watter mate het die NGK die heil in Christus afhanklik gemaak van 'n bepaalde siening oor rasse-apartheid? Dit is presies waarvan die NGK aangekla word en wat onlangs weer deur die Breë Moderatuur ontken is.

Dit is waar dat die NGK nooit enige leerstellige uitsprake oor apartheid gemaak het nie. Hy het bv nie 'n apartheidsbelydenis opgestel nie. Die Wes-Kaapse Sinode is egter die enigste liggaam van die NGK wat hom nog teen 'n skriftuurlike regverdi=ging van die apartheidsbeleid uitgespreek het, maar daar moet wel op gewys word dat dit in pas is met 'n groeiende neiging in die laaste paar jaar om hom te weerhou van uitsprake ter onder=steuning van 'n spesifieke beleid. In *Ras, Volk en Nasie* bv word die omstandighede geskets waaronder 'n beleid van skeiding regverdig sou kon wees sonder om die regeringsbeleid te steun. In die laaste tyd is daar 'n bewuswording van hierdie problema=tiek by die NGK . Die hoogtepunt in hierdie proses tot dusver, was toe die Federale Raad (Maart 1984) besluite ten gunste van oop kerkdeure, sakramente, lidmaatskap en legitimasie aan die 12 lidkerke vir goedkeuring deurgestuur het, en die NGK se afvaardiging dit eenparig goedgekeur het.

Die vraag moet dus eerder lui: In watter mate word hierdie gedagte tog beliggaam deur die praktyk en deur die bepalings van die Kerk? Daar is egter ook tekens dat dwaling op hierdie vlak die hoof gebied word. In hierdie verband kan die praktiese uitleg van die Wes-Kaapse Sinode van die besluite van die Alg. Sinode oor oop kerkdeure genoem word, wat in lyn is met die besluit van die Alg. Sinode teen kerkrade wat anderskleuriges toegang tot byeenkomste ontsê.

Dit wil voorkom asof die binnekerklike debat in die NGK in die toekoms al hoe meer sal gaan oor die mate waarin daar opgetree behoort te word teen lidmate wat oor hierdie sake verskil. Wat moet bv die houding van die kerk wees teenoor lidmate wat uit etiese oortuiging apartheid voorstaan ofskoon hulle dit nie

direk uit die Bybel begrond nie? En teen kerkrade wat sou weier om dergelike besluite uit te voer?

Het die tyd nie gekom dat die beginselgrond duideliker uitgelig moet word, en dat hierdie proses van selfondersoek vinniger moet verloop nie? Sal 'n hersiening van *Ras, Volk en Nasie* hierdie uitdaging die hoof kan bied, of moet daar tog gedink word aan 'n eietydse belydenis?

3.2 *Die NGSK*

Wat die NGK betref was dit betreklik eenvoudig om aan te dui watter rigting die vraagstelling moet gaan. Miskien kan hierdie vraagstelling ook op die NGSK van toepassing gemaak word: In watter mate stel hy 'n bepaalde siening van die samelewing as voorvereiste vir Christenskap?

Soos die NGK sal ook hulle antwoord dat dit nooit hulle vaagste bedoeling was of is nie. Die vraag is egter of hulle standpunt nie misverstaan kan word in die sin dat 'n anti-apartheids=houding tot voorvereiste vir die heil in Christus gemaak word nie.

Ons stel hierdie vraag in die lig van die volgende:

3.2.1 Die standpunt van die NGSK waarvolgens hy die nuwe grond=wetlike bedeling verwerp.[6)]

3.2.2 Die standpunt van 'n beduidende groep binne die NGSK waarvolgens hulle weier om in gesprek met die NGK te gaan, soos die geval was by die onlangse sitting van die Federale Raad van NG Kerke. Vroeër wou die Sendingkerk ook nie met die Breë Moderatuur praat tydens hulle ondersoek van die Belhar-belydenis nie.

3.2.3 Die onlangse verklaring deur dosente en studente van die Teologiese Fakulteit by Wes-Kaap, waarin die legitimasie van die NGK verwerp word.

Deur hierdie insidente word die indruk van 'n boikot-houding geskep, as sou die Sendingkerk wil sê: Julle kan eers julself regtig Christene noem as julle in hierdie sake met ons ooreen=stem. Word hierdeur nie 'n bepaalde siening van die samelewing tot voorvereiste vir Christenskap gestel nie?

Bogenoemde voorbeelde word juis genoem omdat al drie geskied het met beroep op die Konsep-Belydenis van 1982. Sou dit die werklike bedoeling van die Belydenis gewees het, of sou dit

hersien moet word ten einde misverstand uit die weg te ruim?[7]

3.3 'n Laaste opsommende vraag: Wat sou die beste voorsorg wees teen 'n ideologiese verdraaiing van die evangelie weerskante van die skeidslyn? Sou u sê dis blote wensdenkery om te hoop dat beide die kerke tog op die een of ander wyse sou kon saamkom en op 'n gesamentlike belydenis/beleidstuk kon be=sluit op grond waarvan die eenheid gedien kan word? Sou die besluit van die Federale Raad dat die eenheid sigbaar moet word op die grond van een belydenisgrondslag, nie in hierdie sin uit=gebrei kon word nie? Dit sou beteken dat die NGSK sy finale formulering van die Belydenis sou voorbehou, terwyl die NGK dieselfde met sy hersiening van *Ras, Volk en Nasie* sou doen.

Dr J A Loubser
NG Kerk Tamboerskloof
Kloofnekweg 43
8001 KAAPSTAD

*V O E T N O T E*

1 Volgens A Schlatter is hierdie 'n opsetlike wysiging aange=sien die apostel vanweë sy Joodse opposisie nie na die tempel wou verwys nie.

2 Dit word bevestig deur die gebruik van die naam *Belial* vir Satan in die pseudepigrapha, vgl H L Strack & P Billerbeck, *Kommentar zum Neuen Testament* III, p 521vv, München, Beck, 1954.

3 Sien 11:4.

4 Vir 'n aanduiding van wie hulle was, vgl die kontras tussen die Ou Verbond en die Nuwe Verbond in hoofst 3 en ook 11:16.

5 Hierdie gebruik van die term "juk" stem ooreen met die gebruik daarvan deur Jesus in Mt 11:29-30, waar sy juk vergelyk word met die harde juk van die Fariseërs. Vir 'n verwysing na die "juk" van die seremoniële wet, sien ook Hand 15:10.

6 Hierdie standpunt is deur die Algemene Sinodale Kommissie geneem in opdrag van die Sinode van die NGSK.

7 Hierdie punt kan nog aansienlik uitgebrei word. Die sentrale vraag is of die Belydenis - sy goeie intensie ten spyt - nie misbruik kan word as pleidooi vir 'n eenheidskerk, volgens Roomse model, en 'n eenpartystaat nie? Sou die NGSK nie sy punt beter kon stel deur meer spesifiek te wees in sy afwy=sing van skeiding in kerk en staat nie?